# 26 Julie 2026

**Erediens:** 08:30
**Kinderkerk:** 08:30
**Sondagskool:** 09:30
17:00



## Prediker:

# Ds Hardus van Niekerk

**Sondag: Voedselbediening**

**Volgende Sondag: Doopbybels**



# DEURKOLLEKTE

DEURKOLLEKTE

# PROGRAM VIR DIE WEEK:

Dieper Delf Sondag 17:00

TIX Maandag 18:00

Basaarvergadering Maandag 18:00

Kekkels Dinsdag 10:00

Bestuursbedieningvergadering Dinsdag 18:00

Sopkombuis Woensdag 10:00

Vrouebybelstudie Woensdag 10:00

Dieper Delf Donderdag 10:00

JEWLS Donderdag 18:00

Pleegsorgondersteuninsgroep Vrydag 09:00




Huisware soos lampe, tupperware, addisware, gordyne, tafeldoeke, bed kopstukke, gereedskap ens. Tuisgebak soos koekies, beskuit, gebottelde produkte, goue stroop, kaasstrooitjies, soet en sout muffins, toffieappels, koeksisters, wortelkoek cupcakes, teetuin met skons ens. Handgemaakte produkte soos juwele, kaartjies, geskenkies, breiwerk, hekelwerk, hout muurhorlosies!

# VERJAARSDAE

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

## 26 Julie - 1 Augustus

### 26 Julie

Hardus Dicks
Jaco du Plooy
Piet Naudé
Wickus v Heerden
Tracy Venter

### 27 Julie

Anje Adendorff
Willicia Badenhorst
Fanie Hardy
Hettie-Ann Immelman
Gerhard McDuling
Micayla Powell
Nico vd Bergh
Hannetjie vd Westhuizen
Hannelie Wheeler

### 28 Julie

Johan Alberts
Cari du Plooy
Hilde du Plooy
Leandri Nel
Ernest Prinsloo
Jakkie Viljoen

### 29 Julie

Deon Botes
Jan Buitendag
Jean-Marie Buys
Nico Geldenhuys
Michél Grace
Neven Nel
Annelize Thesner
Angela v Rooyen

### 30 Julie

Johan Bester
Louise Campher
Debbie de Jager
Donovan Drennen
Jan Grobbelaar
Suzette Hough
Tarina Kriek
Hannes Olivier
Charné Opperman
Carli Steynberg
Maretha v Jaarsveldt
Charlize v Schalkwyk
Franko v Schalkwyk

### 31 Julie

Anrico de Koker
Teresa du Preez
Jaco du Preez
Marizette Greyling
Grant Nel
Johann Rossouw
Leandri Swiegers
Lumé vd Merwe

### 1 Augustus

Ina de Lange
Tertius Harmse
Koert Henning
Miché Leonard
Wihan Marx
Vincent Mostert
Anton Pelimpasakis
Jenine v Niekerk
Enan v Schalkwyk

Oom Piet Naudé word Sondag 83, Tannie Hettie-Ann Immelman word Maandag 81 en Oom Jan Buitendag word Woensdag 86 jaar oud!



*Baie geluk aan almal!*

Mag hierdie week vir julle vreugde, gesondheid, liefde en baie mooi herinneringe bring. Geniet elke dag en mag die nuwe lewensjaar oorvloedig geseënd wees!



Geopende Deure

WêRELDWAARNEMINGSLYS

# #32 NICARAGUA

WWL 2026

**Vernaamste bedreigings:** Diktatoriese paranoia, Kommunistiese en post-kommunistiese onderdrukking
**Streek:** Latyn Amerika
**Christelike bevolking:** 6 832 000 (94.4%)
**Meederheidsgeloof:** Christenskap

TOTALE PUNT
71%

DRUK
73.9%

GEWELD
54.4%

- Bid vir pastore en hul families, aangesien hierdie leiers arbitrêre arrestasie en aanhouding in die gesig kan staar.
- Bid dat kerke onder toesig van die owerhede moed en wysheid sal ontvang.
- Vra God om Geopende Deure-vennote te beskerm terwyl hulle daarna streef om die Nicaraguaanse Kerk te dien en te

# UIT ONS ARGIEWE...

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

**Die Boukommissie-vergadering van 13 Januarie 1956 besluit nog steeds oor die matte van die kerk. Hul oorweeg kurkmatte, asook staal- en borselmatte vir die deure. Dan het hul ook besluit om net 'n netjiese inwydingsprogram te laat druk, wat verkoop sal word. Daar word toe opsluit 'n Program-kommissie verkies om die program saam te stel. Dieselfde tyd word daar toe ook 'n Terrein-kommissie verkies wat besluite oor die ingange en paadjies moet maak!**

Kan julle glo.. ons begin al ons vere regskud, want dis amper weer tyd vir BASAAR!!



Ons is weer opsoek na bokse om stalletjies se verkope in te pak. Help ons asb... moenie weggooi by die huis nie, bring asb enige tipe 'bierbokse' of daai lekker FoodLovers-bokse kerk toe! En daai lekker 'take away' koffiekoppie-houers, as jul het, bring dit asb ook vir ons!

BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00






Ons vra asb enige gebakte poedings, vla, jellie, ens vir ons

# BASAAR Poeding TAFEL







**Skakel Nellie**
**082 349 4968**
**vir enige navrae**




Met ons basaar wat vinnig nadersluip, wil ons vroegtydig vra vir groot koeke vir ons koektafel. Dit hoef nie vreeslike spoggerige koeke te wees nie. Die lekker outydse "boks-koeke" is altyd baie gewild!

Ons is ook op soek na terte vir die koektafel. Enige lekker tradisionele groot tert sal baie waardeer word!

Laat weet asb die kerkkantoor as jy bereid is om te skenk.




BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

## Ons is ook op soek na

# LEKKERGOED

## vir ons basaar!

**Enige tuisgemaakte lekkergoed, klaar in pakkies opgemaak, sal baie waardeer word.**

**Kontak vir Delmarie**
**072 551 0856**
**as jy kan help.**

# Ons BASAAR KLEIN KOEKIES

gemmerkoekies
shortbread koekies
klapperkoekies
chocolate chip koekies
oats koekies

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

**ONS HET DRINGEND BESTANDDELE NODIG OM DIE KOEKIES BETYDS TE BAK EN TE VERPAK**

KOEKMEEL, WIT & BRUIN SUIKER, EIERS, BAK-MARGARIEN IN 500G BLOKKE, KLAPPER, GOUE STROOP, BAKPOEIER

VIR ENIGE NAVRAE SKAKEL SAN-MARI 074 259 1010

# 75 Gebedspunte

'n Pad van 75 kragtige gebede

## FASE 3

## Genesing, Herstel & Leierskap

**WEEK 10: 26 Julie - 1 Augustus**

### WYSHEID VIR LEIERS

28. **Wysheid vir kerkleiers**
29. **Integriteit van leiers**
30. **Goddelike leiding in besluite**

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

# KINDERKERK

## 08:30

**JUNIORS** 3 jaar - Gr 3 in die saal

**SENIORS** Gr 4 - 6 onder in die Gat



# SONDAGSKOOL

**JUNIORS** Gr R - 6 om 09:30

**SENIORS** Gr 7 - 11 om 17:00



# Kinderkerk

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

## Lasarus - 26 Julie

Toe Jesus op aarde was, was drie van Sy vriende Maria, Marta en hulle boetie Lasarus. Jesus het hierdie vriende van Hom baie liefgehad. In Johannes 11 leer ons van 'n groot wonderwerk wat Jesus vir hulle gedoen het.

## Belangrike punte:

- Jesus gee om vir Sy vriende
- Niks is vir Jesus onmoontlik nie
- God se tyd is anders as ons s'n

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

# PLEEGSORGONDERSTEUNING

## VRYDAG 31 JULIE OM 09:00

KOM LEER, GROEI EN WORD VERSTERK IN JOU ROEPING, IN 'N VEILIGE RUIMTE.



SKAKEL VIR ANGIE VIR ENIGE NAVRAE 0713116184

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

JY WORD HARTLIK UITGENOOI NA:

# Dieper Delf op Donderdae

Elke Donderdag om 10:00

Bring jou eggenoot, vriend of vriendin en kom delf dieper in die Woord.

*Vir navrae kontak ds. Hardus*



Kom kry jou

**heerlike**

CAPPUCINO
AMERICANO OF
HOT CHOCOLATE by die

KOFFIE MAAK ALLES BETER




## TWEE OF DRIE
## KOFFIEBEDIENING

voor en na die erediens.

Kom kuier lekker saam met ons
by die Koffietoonbank!



#WELKOM BY ONS GEMEENTE #ROOI BEKER VAN LIEFDE

As jy 'n nuwe intrekker of besoeker is, of jy is al 'n rukkie by ons gemeente maar ken nog niemand, nooi ons jou uit om uit 'n rooi beker jou koffie na kerk te geniet! Dit help die gemeente om jou as 'n nuwe gesig te herken.

**ONS IS OPGEWONDE OM JOU TE ONTMOET!**

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

# BRING JOU OU BRIL

Voor by ons kansel is daar 'n krat waarin jul jul ou brille kan plaas. Ons het 'n afsetgebied gekry waar die brille herbenut kan word vir mense wat nie 'n bril kan bekostig nie.

**75 jaar - ONS KYK ANDERS!**

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

*Ons bak*

# KLEIN KOEKIES

*vir ons basaar*

**ONS HET EGTER DRINGEND BESTANDDELE NODIG OM DIE KOEKIES BETYDS TE BAK EN TE VERPAK.**

KOEKMEEL, WIT & BRUIN SUIKER, EIERS, BAK-MARGARIEN, KLAPPER, GOUE STROOP, BAKPOEIER

BRING ASB SO GOU MOONTLIK VIR ONS KERK TOE INDIEN JY KAN HELP.

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

# 75 DAE OM TE GAAN

VANAF 11 SEPTEMBER WIL ONS DIE DAE BEGIN AFTEL TOT EN MET ONS VERJAARSDAG OP 24 NOVEMBER, OP 'N UNIEKE MANIER! ONS WIL DAN ELKE DAG 'N FOTO PLAAS VAN JULLE MET 'N SPESIFIEKE NR TUSSEN 1 EN 75!



ONS GAAN 'N GOOGLEFORM VIR JULLE STUUR WAAR JULLE KAN 'SKIET' VIR 'N NR. WANNEER DIE NR REEDS GENEEM IS, SAL DIT NIE MEER BESKIKBAAR WEES OM TE KIES NIE. SO GAAN KYK VINNIG SODAT JY JUL SPESIALE NR KAN KIES!

**ONTHOU OM DAN SO VINNIG MOONTLIK JUL FOTO TE STUUR NA 060 970 8277**

# Kreatiewe Bediening

As jy lief is om blomme te rangskik, of vir binnenshuiseversiering, of om 'n hoekie in jou huis mooi te maak, nooi ons jou uit om deel te word van hierdie bediening wat die liturgiese ruimte mooimaak vir eredienste.



Jy kry ongeveer een keer per kwartaal 'n beurt en dit is 'n heerlike manier om jou talent uit te leef.

Kontak vir Jeannie by die kerkkantoor vir meer inligting.




BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00

NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders

BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00

NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders

# DIEPER DELF

**is ons Bybelstudie groep vir volwassenes, Sondae middae (wanneer daar wel ook kategese is) van 17:00 tot 18:00 in die konsistorie.**

**Kontak vir ds Rika of vir Fanie Buys by 084 205 5055**

# KLERE bank

## Elke Donderdag

**vanaf 08:00**



**Ons benodig regtig dringend:**

☆NUWE OF SKOON,
GEBRUIKTE KOMBERSE

☆ENIGE GROOTTE KOMBERS

☆WARM WINTERBEDDEGOED

BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00

Help ons om terug te ploeg in ons gemeenskap!

Kontak vir Nicolette 082 569 0032


# KLERE bank

## Elke Donderdag

**vanaf 08:00**




ASOOK SKENKINGS VAN
MANSSKOENE IN GOEIE,
DRAAGBARE TOESTAND,
IS REGTIG DRINGEND NODIG!


BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00

Help ons om terug te ploeg in ons gemeenskap!

Kontak vir Nicolette 082 569 0032

# NG MIDDELBURG-SUID SE BYBEL-UITSKRYF MARATHON

**Hierdie skrifte het behoorlik gevlieg. Elke boek van die Bybel word nou tans uitgeskryf deur julle, ons lidmate! Ons het al baie boeke teruggekry, onthou om asb jou boek terug te bring voor 30 September!**

















BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00

# HERFSGENOTE

**Hierdie is 'n heerlike saamkuier groep wat lekker aktiwiteite doen! Alle pensioenarisse is baie welkom. Kom kyk bietjie wat ons doen!**







Vir enige navrae kontak vir Minnie by 073 790 3043






# Flinke vroue

**Liefde met opgerolde moue**

Die Vrouebediening skep 'n veilige ruimte binne die gemeente waar gelowige vroue oor generasies heen verenig kan word.

Hier word vroue gemotiveer om deur lag en trane bymekaar te leer. Waar vroue mekaar motiveer om geestelik te groei sodat ons in die kerk en gemeenskap kan floreer.

Ons bediening wil op verskillende terreine in die gemeente 'n diens lewer.

Jou spesiale gawes en talente kan op 'n besondere wyse tot eer van die Here aangewend word.

*Daarom het ons jou nodig!*

Lin van Niekerk - 082 972 6540

Twee is beter as een, saam bereik hulle meer in hulle werk. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

- Prediker 4



BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00




Voor by al ons deure is daar dankofferkoeverte wat jul kan gebruik vir kontant dankoffers wat jul dan in die kollektesakkies by die banke of deure kan ingooi.

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

# #JEWLS



STAAN VIR:

Jong Enkellopende Werkende Lekker Selgroep!

Elke Donderdag om 18:00 by die kerk tydens skoolkwartale.

Vir meer inligting skakel vir Lorraine by 076 302 6982


Projek:
“Gee ’n drukkie met ’n Blikkie”
In hierdie swaar tye, wil ons as Voedselbediening jou en jou gesin nooi om asb, as jy kan, ’n blikkie kos te skenk vir ons gemeente se gesinne wat weens omstandighede nie kos kan koop nie.
Gee ’n drukkie
Baie dankie en liefde van die Voedselbediening.


BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00
NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders
handwaspoeier
SKOONMAAKMIDDELS
vadoeke
skottelgoedseep
lyfroom
waslappe
TOILETWARE
koekie seep
tandepasta
2-in-1 shampoo
PLAAS ASB IN DIE
VOEDSELKRATTE BY DIE DEURE


BASAAR
4 SEPTEMBER
16:00
NG Middelburg-Suid
75
Ons Kyk Anders
TICKET TO HEAVEN
NG MIDDELBURG-SUID
TIX
JOH 3:16
ADMIT EVERYONE
TIENERS IN CHRISTUS
MAANDAE
18:00

# Ons het 'n wonderlike hekel- en brei groep genaamd KEKKELS!

**Hierdie groep kom bymekaar om 10:00 hier by die kerk, bykans elke Dinsdag van die jaar, want dit is só lekker!! Hier word heerlik gekuier en nuwe projekte aangepak. As jy wil inskakel, skakel vir Edri by 061 015 2294**





Die Kekkels het 'n grooooot klomp komberse, musse, serpe, ens gemaak en by die CMR gaan aflaai. Dit is wonderlike werk wat hul doen! Hul wolvoorraad is egter nou baie laag, so hul vra asb dringend vir skenkings. Elke oorskiet stukkie wol word gebruik en regtig waardeer! Jul kan enige tyd by die kerkkantoor kom aflaai.



BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

Ons het 'n SOPKOMBUIS elke Woensdagoggend vir hawelose mense. Dan word daar vir ongeveer 80 mense 'n brood en 'n bakkie sop gegee. Daar is ook pastore wat vir hul 'n kort boodskap gee met gebed. As jy graag wil help met sop kook vir hierdie wonderlike uitreik, kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.



BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

## Subscribe op die gemeente se Youtube bladsy.



NG MIDDELBURG-SUID

@ngmidsuid

Bly op hoogte van elke Sondag se erediens!

# STEL JY BELANG IN TEGNOLOGIE?

Wil jy jou gawes en belangstelling gebruik in Sy koninkryk?

Ons het jou nodig!

Kom dien die gemeente deur te help met:

- Die klankbord
- Die projeksie rekenaar
- Die video livestream

Al weet jy nie hoe nie, moenie bekommer nie, ons leer jou! Jy sal eers saam met "ou hande" werk voor jy dit op jou eie doen.

Kontak ds Hardus 082 493 4055, Peet Kruger 082 887 1763 of Kruger Henning 082 801 2923

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders

09 : 15

## NG MIDSUID KOMMUNIKASIE

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders



**As jy deel wil wees van die whatsappgroep wat al die nuus en alles wat gebeur in die gemeente ontvang, asook die weeklikse preke en afkondigings, laat weet asseblief die kerkkantoor.**

**Whatsapp 060 970 8277**
**of epos admin@midsuid.co.za**
**of skakel 013 243 3765**
**tydens kantoorure**
**08:00 tot 13:00.**



# PERSOONLIKE INLIGTING

Laat weet asb die kerkkantoor as jou adres, kontaknrs, huwelikstatus ens verander het, of as jou gesin groter of kleiner geword het.
Laat weet ons as jy die gemeente verlaat of trou. Die kerkkantoor weet veral nie as jy trou nie. Wat is jou huweliksdatum, jou nuwe van of nuwe adres? Ons wil ons data op datum hou, en het jou samewerking nodig asb.



## Hoe kan ek my bankkollekte of deurkollekte gee?

Ons het die skandeerkode ook op die kollektesakkies gesit. As jy ontdek jy het kontant vergeet vanoggend, maak die Zapper app op jou foon oop, en 'tap' net die kode wanneer die sakkie by jou verbykom. Indien jy alreeds 'n betalingswyse op jou foon gelaai het, is dit 'n vinnige en maklike proses.

**Onthou om asb net die regte verwysing in te sit, bv bankkollekte of deurkollekte sodat ons finansiële kantoor die bedrae reg kan allokeer.**

# VROUE BYBELSTUDIE

**Kom hou bybelstudie saam met vroue van God! Woensdae oggende om 10:00 hier by die kerk, tydens skoolkwartale.**

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders



# HULP BENODIG!

Ons het persone nodig om te help met teeskink op Sondae.

Indien jy bereid is om te help skakel asb vir Monica op 076 636 7666.

As jy reeds Sondae koffie en tee nuttig, oorweeg dit asb om te help.

BASAAR 4 SEPTEMBER 16:00

NG Middelburg-Suid 75 Ons Kyk Anders







**Die GEDENKMUUR op ons kerkterrein is vir baie van ons 'n ideale en veilige plek om ons geliefdes se herinnering te eer. As jy meer wil weet oor 'n nissie, kontak vir Gerrie by 079 262 9892.**

**Daar is blommehouers by ons Gedenkmuur. Wanneer jul 'n nissie besoek, plaas gerus jul blomme binne-in die plastiekhouer binne-in die staal emmer. Daar is ook kaartjies en penne beskikbaar. Sou jy 'n boodskap wou skryf, kan jy dit by die blomme vasknip.**





